

3 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-28  
Fokusgedeelte: Eksodus 12: 26, 27

### **Pasga, Paasfees, Oorslaanfees!**

**T**oe God sy volk uit Egipte gelei het, het Hy die Pasga ingestel om sy volk daaraan te herinner hoedat Hy hulle huise oorgeslaan het en dié van die Egiptenaars getref het met die dood van die eersgeborenes. Pasga beteken letterlik “oorslaanfees”! Wanneer ons Paasfees vier, dink ons daaraan dat God ons oorgeslaan het in sy woede oor die sonde en dat Hy sy Seun in ons plek getref het. Ja, Jesus is gekruisig sodat God ons sou oorslaan met sy oordeel en aan ons genade sou betoon. God het my oorgeslaan met sy oordeel, omdat Hy my nie oorgeslaan het met sy uitverkiesing nie!

Daarom mag ek nie een dag oorslaan om God dankbaar te dien nie en moet ek elke dag liever oorslaan om sonde te doen. So word elke dag vir my 'n pasga, 'n paasfees, 'n oorslaanfees!

*Sing: Skrifberyming 8:2*

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*